

**13 September**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:6-16  
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:13**

### **Wysheid is om genade te verstaan**

Die gemeente in Korinte is onenig/verdeeld. Sommige kies Apollos, sommige Petrus en ander Paulus. Vir dié gemeente lê die wysheid by die mens. Daarom is dit juis nou belangrik vir hulle om te bepaal watter man om te volg.

Dit is egter nie net hierdie gemeente wat so glo nie. Ons is ook geneig om te glo dat die wysheid by die mens lê. Dit is juis daarom dat onenigheid in ons gemeentes so 'n algemene verskynsel is. Ons is geneig om veel eerder in 'n spesifieke groep ingedeel te wees as om een liggaam van Christus te wees. So word die kruis van Christus verydel.

Nou hoor ons in die Woord van die Here dat hierdie verskynsel te vinde is as gevolg van 'n verkeerde siening van wysheid. Die wysheid lê nie by die mens nie. Inteendeel, "Christus het vir ons geword die wysheid uit God". Dit is dan natuurlik die antwoord om een te wees: as elkeen erken dat Christus die ware wysheid is. Daarom lê wysheid nie by die mens se slim praatjies nie, maar in geregtigheid en heiligmaking en verlossing. Ware wysheid is om die groot genade te verstaan dat ons onskuldig geword het deur Christus en dat ons skoon gewas is van die sonde.

Ware wysheid lê nie in slim praatjies nie. Ware wysheid kom van God. Daarom, juis omdat wysheid van God kom, kan alleen die Gees van God ons hierdie wysheid leer. Net soos die gees van 'n mens die geheime van 'n mens ken, so ken die Gees van God die diepste geheimenisse van God. Omdat ons die Gees van God ontvang het, leer die Gees ons hierdie geheimenisse van God. Ons behoort die Here te dank vir hierdie wonderlike gawe! Die Gees van God leer ons ware wysheid. Die Gees van God leer ons genade sodat ons gelowiges nie verdeeld sal wees en mense sal volg nie, maar slegs Christus sal volg. Verlossing in Christus is ware wysheid.

Daarom is wysheid nie in watter groep ek staan of watter mens ek volg nie. Wysheid is om genade te verstaan: die genade dat die Een wat die heelal geskep het ook ons Vader is; die genade dat Christus onskuldig geoffer is vir die sonde wat ek gedoen het; die genade dat die Gees van God ons leer van God se diepste geheimenisse. Dit is genade. Dit is wysheid.

*Sing: Psalm 16:1*

*Teologiese Student Eugene Coetzer*